COVID-19 RISIKO BEPLANNING VIR VORIESAAMTREK 2021

INLEIDING

1. Die Voortrekkers Transvaal se jaarlikse Voriesaamtrek (volwasse opleidingskamp) vind plaas vanaf 22 tot 24 Januarie 2021 op die Hartbeesfontein Voortrekker terrein.
2. Die huidige Covid-19 inperking regulasies vereis dat bepaalde riglyne in plek gestel word. Hierdie dokument het ten doel om hierdie riglyne aan te spreek en vorm deel van die Veiligheidsplan van die Voriesaamtrek.
3. Die doel van hierdie skrywe is om spesifieke Covid-19 voorgeskrewe standaard werksprosedures (SWPs) vir higiëne maatreëls tydens Voriesaamtrek 2021 te bevestig.

VORIESAAMTREK RISIKO TAAKSPAN

4. ‘n Taakspan sal vir die duur van die beplanning en verloop van Voriesaamtrek 2021 saamgestel word om spesifieke risikos te hanteer. Hierdie taakspan sal dan ook verantwoordelik wees om Covid-19 aangeleenthede te bespreek en te hanteer.
5. Die taakspan sal bestaan uit die volgende persone:
    a. Kampleier
    b. AGL Volwasse Sake
    c. Veiligheidsoffisier
    d. Noodhulp beampte/offisier
    e. Enige ander gekoöpteerde lid soos nodig geag deur die kampleier

AANTAL KAMPGANGERS

6. Die maksimum persone wat toegelaat sal word om die kamp by te woon word beperk tot tweehonderd-en-vyftig (250).

COVID SIFTING VOOR KAMP BEGIN EN MET AANKOMS

7. Voor vertrek na Voriesaamtrek sal alle kampers ‘n google vorm voltooi waarin gevra word om voorgeskrewe Covid-19 simptome te verklaar.

8. ‘n Register sal met aankoms/registrasie ingevul word en temperatuur sal gemeet word tydens registrasie proses.
9. Alle kampers moet met aankoms eers by registrasie aanmeld. Kennisgewings en tekens moet duidelik wees in die verband.
10. Oorweging sal geskenk word aan registrasie onder die afdak, indien dit nie haalbaar is nie, sal die aantal persone wat per keer kan registreer, tot ‘n maksimum van vyf (5) beperk word.
11. Met registrasie sal daar verwag word dat persone in die registrasie ry ‘n minimum van 1.5 m van mekaar sal handhaaf
12. Risiko gevalle sal versoek word om huistoe te gaan en nie die kamp bywoon nie.

DAAGLIKSE COVID SIMPTOME SIFTING

13. Daaglikse appél, koorsmeting en simptome sifting sal soggens voor ontbyt plaasvind.
14. Besoekers sal by ontvangs aan sifting onderwerp word, voordat die kamp binnegegaan word. ‘n Toegangsproses en besoekersregister sal ook gebruik word. Duidelike kennisgewings sal opgesit word om besoekers van die proses in te lig.

PERSOONLIKE VOORSORG

15. Elke kampganger bring sy/haar eie masker en ‘n bottel (minstens 100 ml) ontsmettingsmiddel saam. Indien nodig, sal dit tydens die kamp aangevul word
16. Alle kampers word gereeld dmv kennisgewing voorgelig om:
    a. Gesigmaskers te dra soos voorgeskryf.
    b. Drukkies, soengroete, handskud en ander vorme van kontak te vermy en sosiale afstand (1,5m) te handhaaf,
    c. Om nie aan gesig te vat of te eet met ongewaste hande nie
    d. Hande (en die kraan wat gebruik is) minstens drie keer per dag te was, asook voordat enigiets geëet word.
    e. In elmboog te nies/hoes.

SIEKRAPPORTERING EN NOODGEVALLE

17. Siekrapportering vir alle gevalle, en noodgevalle sal by die siekeboeg plaasvind.
18. Die siekeboeg sal ‘n proses in plek sit om persone te sif voordat persoon by siekekamer ingaan.
19. Enige kombinasie van die volgende sal as ‘n risiko geval hanteer word: koors, droë hoes, seerkeel, seerspiere, naarheid, braking, verlies aan reuk en smaak.

OPTREDE MBT MOONTLIKE COVID-19 GEVALLE OP DIE KAMP

20. Lede word voorgelig mbt die tipiese simptome en aangemoedig om aan te meld indien nodig.
21. Die Voriesaamtrek Covid-19 taakspan sal beslissings maak oor die hantering van spesifieke gevalle tydens die kamp.

COVID-19 SKOONMAAK MAATREËLS

22. Roetine skoonmaak. Roetine skoonmaak aksies sal daagliks uitgevoer word.
23. Ablusiegeriewe
    a. Storte. Roetine skoonmaak aksies.
    b. Toilette.
        i. Tydens roetine skoonmaakaksies word die toiletsitplekke en oppervlaktes waaraan gereeld gevat word met ontsmettingsmiddel gespuit.
        ii. Na elke gebruik van ‘n toilet / urinaal word die toiletsitplek / urinaal deur die gebruiker met ontsmettingsmiddel gespuit.
    c. Wasbakke en krane. Wasbakke en krane word, soos toilette, tydens roetine skoonmaakaksies met ontsmettingsmiddel gespuit.

SLAAPGERIEWE

24. Die slaap lokale sal tot op ‘n maksimum van 50% van hulle normale kapasiteit benut word.
25. Die gebruik van eie individuele tente/karavane word aangemoedig.

BYEENKOMSTE

26. Byeenkomste (vergaderings, lesings, seremonies, ens) word verkieslik in die ope gehou met sosiale spasiëring (1,5m). Maskers word gedra en geleenthede word so kort as moontlik gehou.

SPYSENIERING

27. Daar sal van die spysenieringspan verwag word om aan streng regulasies te voldoen wanneer met voedsel gewerk word bv dra van maskers, gesigskerms, voorskote, haarnette en spyseniershandskoene.
28. Werks- en opskepoppervlaktes word voor en na gebruik met ontsmettingsmiddel gewas.
29. Daar moet verseker word dat opwaswater gereeld vervang word.

OPSKEPPUNTE

30. Opskeppers was hulle hande voor opskep en dra spyseniershandskoene, maskers en gesigskerms. Lede met verkoue/allergie simptome word nie gebruik om op te skep nie.
31. Voor elke opskeppunt, asook by die koffietafel, word ‘n handsaniteringspunt geplaas.
32. Opskeppunte sal so gespasieer word om sosiale afstand te verseker.
33. Samedromming tydens etenstye sal ontmoedig word en daar sal van kampers verwag word sosiale afstand te handhaaf terwyl hulle vir hul beurt wag om op te skep.

EETPLEKKE

34. Kampeerders word aangemoedig om in klein groepies te sit as hulle eet en sosiale afstand te handhaaf.
35. Kampeerders wat by hulle karavane en tussen tente sit en eet moet bewus gemaak word van normale higiëne soos die weggooi van kos en borde.

EETGEREI

36. Papierborde en plastiek eetgerei, wat na gebruik weggegooi/herwin word, word gebruik.
37. Elke persoon gebruik sy eie beker en was dit na gebruik by die opwaspunt met seep.

38. Samedromming by die opwaspunte sal ontmoedig word en daar sal verseker word dat sosiale afstande gehandhaaf word.
39. Eetgerei mag nie gedeel word nie.

COVID-19 BEWUSMAKING

40. Genoegsame en duidelike kennisgewings moet opgesit word om alle kampeerders bewus te maak en te hou oor die prosedures soos uiteengesit in hierdie dokument.